NG Welsyn Damestee

NG Welsyn bied aan Vonkelvrou Damestee met Estee Pienaar Saterdag

12 Oktober om 11:00 in die NG Paardekraal Monument kerksaal. R150 pp (Sluit in koffie , tee, en verversings). Vir kaartjies kontak 011 660-3183 of

082 336 1292 Kom geniet n heerlike oggend en ondersteun NG Welsyn.

Ons is op soek na gasvroue om 'n tafel te neem. Reserveer 'n tafel en nooi jou vriendinne. Versier die tafel na jou smaak , ons verskaf wit/swart tafeldoeke en eetgerei.

Luipaardsvlei Tehuis Kermis

Luipaardsvlei Tehuis hou kermis op 5 Oktober en ons gemeente beman weer die poeding stalletjie. Ons soek dringend die gemeente se ondersteuning met skenkings van poeding, jellie, vla , gebakte poedings en ook helpers vir die dag. Kontak asb. vir Lorinda Enslin 082 8535 761.

Luipaardsvlei My Laaste Tentwoning fonds insameling

Dit is weer tyd vir ons jaarlikse fonds insameling vir hierdie projek. Baie dankie vir u ondersteuning. Gebruik asb die koeverte in die afkondigings of u kan EFT in die kerk se bankrekening in met die verwysing Luipaardsvlei My Laaste Tentwoning.

WRAPD (Wesrand gestremde vereniging)

WRAPD vra die gemeente se hulp met die insameling van die volgende:

Toiletware, Onderklere vir mans en vroue med – 3XL, Wit verf plafonne en enamel vir vensterrame, gemeentelede wat die inwoners gereeld kan besoek, borge van enige bedrag vir maandelikse verblyf: 20 uit 30 inwoners kan nie hulle verblyf betaal weens geen ondersteunings netwerk. 'n Verjaarsdagkoek (48 blokkies) vir die wat nie familie het nie en of in klein geskenkie.

Die inwoners gaan November Buffelspoort toe vir n week en ons benodig beskuit vir ontbyt vir 5 dae vir 60 persone. Lewer asb 1ste week van Nov af by WRAPD of die Media Spens.

Skakel asb met Lorinda 082 8535 761 of direk met Annalene by WRAPD 011 660 7964 of by 082 563 5611.

Snapscan

Snapscan is nou beskikbaar hieronder. Dit stel lidmate in staat om hulle dankoffers en kollektes met hulle slimfone te betaal.

Persone wat meer inligting verlang kan gerus met Ds. Johan Ainslie kontak maak by 083 310 9268.